# 31 Dae van gebed vir jou kinders se bekering

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1. Ef 5:14**<br>Bid vir die kinders wat nog rustig slaap in hulle sonde, en dat God hulle wakker sal maak! | **2. 1 Kor 10:21-22**<br>Bid dat ons kinders sal besef dat hulle nie deel aan God en die wêreld kan hê nie. | **3. Rom 14:11**<br>Bid dat ons kinders sal besef dat daar 'n dag kom dat ALMAL voor God gaan staan, of jy in Hom geglo het of nie! | **4. Spr 14:12**<br>Bid dat ons kinders wat op die verkeerde pad is, dit sal raaksien voordat dit te laat is. | **5. Ps 119:9**<br>Bid dat ons kinders sal leer dat daar net 1 manier is om reg te leef, en dis volgens God se Woord. | **6. Open 3:15-16**<br>Bid vir ons kinders wat koud en lou is, en wat nog nie 'n keuse vir Jesus gemaak het nie. | **7. 2 Kron 7:14**<br>Bid dat ons kinders tot 'n diepe sonde-besef sal kom. |
| **8. Hosea 14:2-10**<br>Bid dat ons kinders na God sal terugkeer, want Hy wil hulle vergewe en hulle onder SY sorg neem. | **9. Joh 14:6**<br>Bid dat ons kinders sal weet dat Jesus die ENIGSTE Weg en Waarheid na die Lewe is! | **10. Luk 14:28-33**<br>Bid dat ons kinders sal besef wat dit hulle gaan kos om Jesus te volg. | **11. Open 3:20**<br>Bid dat wanneer Jesus aan ons kinders se harte klop, hulle sal KIES om oop te maak. | **12. Fil 3:14**<br>Bid dat ons kinders hulle sal losmaak van dit wat verby is, en hulle sal uitstrek na dit wat voor hulle lê. | **13. Ps 40:4**<br>Bid dat God 'n nuwe lied in ons kinders se harte sal sit. | **14. Ps 32:8**<br>Bid dat ons kinders God sal toelaat om hulle self te leer. |
| **15. Rom 12:2**<br>Bid dat God ons kinders se denke sal vernuwe, sodat hulle kan weet wat God se wil is. | **16. Matt 5:13-16**<br>Bid dat ons kinders sout en lig vir die wêreld sal wees. | **17. Luk 3:8**<br>Bid dat ons kinders vrugte sal dra wat by hulle bekering pas. | **18. Gal 5:22**<br>Bid dat ons kinders se lewens deur die vrugte van die Gees gekenmerk sal wees. | **19. Joh 10:27-28**<br>Bid dat ons kinders God se stem sal leer ken, en sal LUISTER wanneer Hy met hulle praat. | **20. 1 Kor 6:15-20**<br>Bid dat ons kinders sal leer en besef dat hulle liggame 'n tempel van God is**.** | **21. Jes 49:16**<br>Bid dat ons kinders sal besef hoe kosbaar hulle vir God is, veral wanneer hulle deur moeilike tye gaan. |
| **22. Ps 139: 13-18**<br>Bid dat ons kinders sal weet dat God hulle baie spesifiek en baie spesiaal gemaak het. | **23. Matt 10:30**<br>Bid dat ons kinders sal weet dat God weet waardeur hulle gaan. | **24. Gal 5:16**<br>Bid dat ons kinders hulle deur die Gees sal laat lei om sterk te kan staan deur moeilike tye en versoekings. | **25. Luk 22:31-32**<br>Bid dat ons kinders se geloof sterk sal bly wanneer die satan kom om hulle te sif. | **26. 2 Kor 11:14**<br>Bid dat ons kinders sal kan onderskei tussen ware en vals leer, want satan doen hom voor as 'n engel van die lig. | **27. Ef 6:10-12**<br>Bid dat ons kinders hulle krag in God sal soek wanneer die satan met sy aanslae kom. | **28. Jak 4:7b**<br>Bid dat ons kinders hulleself aan God sal onderwerp en die duiwel sal teëstaan. |
| **29. 1 Pet 5:8**<br>Bid dat ons kinders wakker sal wees en die satan sal kan teëstaan, want hy loop rond soos 'n brullende leeu. | **30. Rom 8: 37**<br>Bid dat ons kinders oorwinnaars oor satan en die bose magte sal wees. | **31. . Ef 3:14-21**<br>Bid hierdie seënbede vandag oor ons kinders. | | | | |